



# NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF

# verskil



- ❖ Facebook: <https://www.facebook.com/noordsin/>
- ❖ **Kampterreine:**  
**Badseloop:** Bespreek by Emiele Nel 083 391 6361 / [badseloopjeugkamp@gmail.com](mailto:badseloopjeugkamp@gmail.com);  
**Magaliesberg:** Bespreek by Anvie Ventures, 044 696 6585 / [info@anvientures.co.za](mailto:info@anvientures.co.za).
- ❖ Ek wil asb inteken op Verskil / Kanselleer asb my intekening op Verskil

**16 Februarie 2024: Nr 05/2024**

## Warmnuus

### ❖ Nuwe hoof van Excelsus

**Tom Smith**, predikant by Fontainebleau, is deur die Kuratorium van die NG Kerk by UP is as hoof van Excelsus aangewys. Hy volg André Bartlett op wat eersdaags aftree. André en sy vrou Elma, gaan hulle in Riebeek-Wes vestig.



### ❖ Ekologie

#### Ekoteologiese raamwerk vir ekologiebedienings (3)



Die **derde** aflewering deur *Willie van Heerden*, emeritus-professor: “In hierdie derde bydrae oor ekoteologie kyk ons na twee sake: Eerstens help dit ons om in gedagte te hou waarom mense waarde heg aan hulle omgewings en tweedens is dit goed dat ons onself herinner aan die krag van taal, wat besonder relevant is vir praat oor menslike omgewings en oor die wye aardgemeenskap”. [\[Kliek hier\]](#) om verder te lees...

### ❖ Genadedood

*Gerrie Strydom*, voorsitter van die Ring van Pretoria-Noord, het die volgende laat weet: “Prof. **Pieter Carstens** van UP spreek die ring op Saterdag, **24 Februarie**, 9:00-10:00 by die Gemeente Wonderpark toe.

**Titel van sy praatjie is:** “ ‘n Regs-mediese analise van die toepassing van genadedood in SA - ‘n wekroep tot hervorming, ook in die konteks van my eie persoonlike reis met terminale kanker.”

\* Enige persoon wat dit graag wil bywoon, is baie welkom. **Navrae:** Gerrie Strydom (082 940 5453)

## Sinodenuus

### ❖ Kerkkantoor-opleiding



Die volgende geleentheid vind op **18-19 Maart** by NG Nylstroom-Oos plaas. Tydens hierdie geleentheid gaan die Kerkargief [Stellenbosch] opleiding gee oor die korrekte inhandiging en bewaring van argiefstukke. Jan Venter van Winkerk kom gesels oor “kort paaie” en die effektiewe gebruik van hierdie stelsel. Daar word ook aandag gegee aan die skryf van ‘n notule en ‘n grafiese ontwerper kom deel interessante inligting oor die gebruik van sosiale media en webbladsye. Verblyf is beskikbaar. Gemeentes is verantwoordelik vir die verblyf-, etes- en reiskoste.

Belangstellendes moet die Sinodehuis so gou as moontlik kontak om in te skryf [[hermien@noordsin.co.za](mailto:hermien@noordsin.co.za) / 072 222 6360]. Verdere inligting volg binnekort.

## ❖ Argief



Andrew Kok [Bestuurder NG Kerk Argief] skryf die volgende: “Die afgelope jaar (2023/24) was ‘n baie besige jaar vir die NG Kerk in SA se Argief op Stellenbosch. ‘n Verskeidenheid van interessante werksaamhede is aangepak en ek gee graag ‘n oorsig van hierdie aktiwiteite.” [\[Kliek hier\]](#) om verder te lees]. Navrae: 021 882 9923.

## ❖ In Pas

### Opleidingsgeleentheid vir gemeentes

Die Taakspan *In Pas* bied op Saterdag 9 Maart ‘n opleidingsgeleentheid aan vir gemeentes wat graag die handleiding, *In Pas met die Lewende God*, wil implementeer. [Kliek hier](#) om die handleiding te lees. Die geleentheid vind by die gemeente Florauna in Pretoria plaas, van 9:00-15:00.

Navrae/inskrywings: Jan Botha, 076 481 5683 en [janbotha1102@gmail.com](mailto:janbotha1102@gmail.com).

## ❖ Help bou aan die Kerk van die toekoms

Flip du Toit skryf: “Die Teologiese Opleidingstrust Pretoria is die ideale geleentheid vir lidmate om hier aan die einde van die hierdie belastingjaar [vóór 29 Februarie] sinvol by te dra, belasting verligting te kry (Art 18 A sertifikaat) en terselfdertyd die kerk se teologiese studente te help. Die Teologiese Opleidingstrust Pretoria is beide ‘n geregistreerde Weldaadsorganisasie sowel as ‘n nie-winsgewende een.”

Rekeningbesonderhede: ABSA 4062087927 (Takkode 632005)

## Kollegaanuus

### ❖ Beweging

Ruan Janse van Rensburg het die beroep na *Hulp en Hoop Gemeenskapskerk* as Jeugleer aanvaar. Hy word op 3 Maart om 09:00 in ‘n twee jaar vastetermynpos bevestig. Hy lewer dan ook sy intreepreek.



### ❖ Verjaarsdagwense

18/02 Jacques Erasmus [Hulp en Hoop];  
19/02 Pieter Devenish [Rooihuiskraal];  
20/02 Peet Crous [Lynnwood]; Gustav Claassen [Pretoria-Oos];

-----  
18/02 Nicolene Venter [Eggenote van Peet, Piet Potgietersrust];  
19/02 Ansie van Heerden (Els) [Eggenote van Neels Els, emeritus]  
21/02 Hanneke Claassen [Eggenote van Gustav, Pretoria-Oos]  
23/02 Annet Wolhuter [Eggenote van Wollie, emeritus]

### ❖ Gemeentenuus

#### Verjaardae

Daspoort [Gestig 24/02/1922] >>>



#### Naamsverandering

*Willem Pelser* het laat weet dat die gemeente se naam amptelik verander het na **Koedoeskop Gemeenskapskerk**.



## Overkruin

**Tema:** Ek wil lewe tot ek doodgaan:

Positiewe denke en gewoontes wanneer ek ouer word.

**Spreker:** Henk Gous

Saterdag, 9 Maart 2024 (10:00-12:00). **Toegang:** Donasie.

**Bespreking:** Kerkkantoor 012-567 2177

## Ek wil lewe tot ek doodgaan -

Positiewe denke en gewoontes  
wanneer ek ouer word



Dr Henk Gous

NG KERK OVERKRUIJN  
SATURDAG 9 MAART 2024,  
10:00 - 12:00

TOEGANG: DONASIE VAN WAARDERING  
VERVERSINGS NA AFLOOP



BESPREEK ASB BY KERKANTOOR – 012 567 2177

## Toerusting

### ❖ [Excelsus - Sentrum vir Bedieningsontwikkeling](#)

**Navrae:** Rika van Rensburg by [excelsus@up.ac.za](mailto:excelsus@up.ac.za).

**Program vir 2024:** [Kliek hier](#) om meer uit te vind van kursusse wat deur die jaar aangebied word.

### Nuut in die Bediening

#### Sertifikaatkursus in Bedieningsontwikkeling

**Gerig op leraars in die middelfase van hulle bediening** - Dit is 'n kursus wat bedoel is om predikante in dié fase te help om op 'n dieper en meer grondige vlak georiënteer te word ten opsigte van hulle bediening [[Kliek hier](#) vir meer inligting]. Inskrywings: Rika van Rensburg by [excelsus@up.ac.za](mailto:excelsus@up.ac.za) of [kliek hier](#) om aanlyn in te skryf.

5-7 Maart – *Ons konteks: Waar is ons nou? 16-18 Julie – Hoe lees ons die Bybel? 15-17 Oktober – Wie is God?*

**Gerig op leraars in die beginfase (1-5 jaar) van hulle bediening** - Dit is 'n kursus wat bedoel is om predikante in dié fase te help om op 'n dieper en meer grondige vlak georiënteer te word ten opsigte van hulle bediening. [[Kliek hier](#) vir meer inligting]. Inskrywings: Rika van Rensburg by [excelsus@up.ac.za](mailto:excelsus@up.ac.za) of [kliek hier](#) om aanlyn in te skryf.

4-6 Junie - *Hoe hanteer ons moeilike pastorale situasies? 8-10 Oktober - Hoe hanteer ons jeugwerk?*

### Call for papers

28-30 August

**Venue:** The University of Pretoria, Faculty of Theology and Religion

**Theme:** Diaconal/diaconate identities in a pluralistic Africa society: Ecumenical and inter-religious opportunities and challenges. [[Kliek hier](#) vir volledige inligting].

**Navrae:** Proff Hannes Knoetze - [johannes.knoetze@up.ac.za](mailto:johannes.knoetze@up.ac.za) of Jacques Beukes - [jacques.beukes@up.ac.za](mailto:jacques.beukes@up.ac.za).

### ❖ [Ander Toerustingsgeleentehede](#)

#### Deel jou geloof

10 Maart [10:30 – 16:00] by NG Wonderboom-Suid – R150 p/p

**Evangelisasie Toerustingskursus** (geskoei op EE3 se Vriendskaps-evangelisasie)

Spreker: Driaan Britz.

Temas: \* 'n Metode om die Evangelie te deel wat jy nie maklik sal vergeet nie; \* 'n Stuk gereedskap wat altyd beskikbaar is en wat jy die res van jou lewe sal gebruik; \* Vernuwe jou passie vir dissipelmaking met 'n kyk na die hart van God; \* 'n Maniere om vriendskappe te kweek om die Evangelie met toestemming te kan deel.

Inskrywings: Whatsapp jou naam en van en aantal persone na Johan van As [083 707 2952].

## Ander nuus

### ❖ [Wêreldbiddag vir Vroue](#)

1 Maart 2024


**Die tema vir 2024:** "Ek dring aan ... Verdra mekaar in Liefde", is gekies deur die vroue van Palestina. \*[Kliek hier](#) vir die program; \*[Kliek hier](#) vir die riglyne;

\*[Kliek hier](#) vir die geskiedenis.

### ❖ [Christelike Lektuurfonds \(CLF\)](#)

#### Nuwe publikasie

Van Ashoop tot Hoop deur Ronell Bezuidenhout. "Die boek moedig selfondersoek, innerlike groei en die aanleer van opbouende geloofsgewoontes aan. Die leser word uitgenooi na hierdie reis na binne met die oog op die reis na buite. Bezuidenhout se woordkuns skep 'n atmosfeer van aanvaarding en bemoediging, wat die leser aanmoedig om die reis na Hoop met 'n oop hart en gees aan te pak." \* Die boek is beskikbaar by alle [CLF Boekwinkels](#) / koop dit [hier](#) aanlyn / stuur 'n e-pos na [order@clf.co.za](mailto:order@clf.co.za).



## ❖ Vakatures

**Kerkbode:** [Kliek hier](#) vir die vakatures in die elektroniese Kerkbode.

**Hartbeespoort:** Voltydse leraarspos

'n Plattelandse gemeente (1 778 belydende en 485 dooplidmate), maar met die stad se hartklop: vernuwend, opbouend, dinamies en aktief. Geleë aan die voet van die pragtige Magaliesberge, teen die Hartbeespoortdam. [[Kliek hier](#) om verder te lees.] Diensaanvaarding: 1 Oktober. Sluitingsdatum vir aansoeke: 15 Maart

**Andrew Murray:** Voltydse permanente of deeltydse permanente vir 'n onbepaalde termyn

Die gemeente is 'n Engelsprekende gemeente van die NG Kerk, geleë in Brooklyn, met 126 belydende lidmate en 36 dooplidmate van regoor die hele Pretoria en Centurion. [[Kliek hier](#) om verder te lees]. Diensaanvaarding: 1 Mei. Sluitingsdatum: 1 Maart. Navrae: Anthony Tosen, 083 475 1919 / [office@drcamp.co.za](mailto:office@drcamp.co.za).

## Aflosgeleenthede

Predikante, emeriti en proponente wat beskikbaar is om eredienste te lei in gemeentes waar daar vakatures is of die leraar met vakansie is, is welkom om hulle besonderhede vir Hermien te stuur [[hermien@noordsin.co.za](mailto:hermien@noordsin.co.za)]. Die volgende persone het reeds gereageer:

- \* **André Smuts:** [sasmuts@tsa.co.za](mailto:sasmuts@tsa.co.za) [Slegs Pretoria en omgewing]
- \* **Ernst Muller:** [gaius117@gmail.com](mailto:gaius117@gmail.com) / 082 656 1107
- \* **Johan de Villiers:** [johandv6@gmail.com](mailto:johandv6@gmail.com)
- \* **Michiel van der Merwe:** [mvd360@gmail.com](mailto:mvd360@gmail.com) / 082 462 3529
- \* **Theuns Kriek:** [trkriek@lantic](mailto:trkriek@lantic) / 083 273 9386 [Pretoria]

## Naskrif

**Anyone is welcome  
Nobody is perfect  
Anything is possible**

**- Leuse van Andrew Murray, Pretoria -**